HOE LYK JOU FINANSIES NA SKOOL?

Jou eie besluite

Tot op hierdie stadium het jy dalk nog nie so daaroor gedink nie, maar elke mens wat die skool verlaat en die wye wêreld ingaan moet beplan wat hy of sy wil gaan doen.

Natuurlik is daar by baie van ons die behoefte om vry te wees en ons eie besluite te neem. Daaroor het ons al in 'n vorige hoofstuk gepraat. Maar, as jy jou eie besluite nie deurdink nie, gaan hulle jou een of ander tyd inhaal.

As jy gaan werk, moet jy besluit oor die tipe werk waarvoor jy kans sien; watter moontlikhede of loopbaanvooruitsigte daar vir jou in 'n bepaalde rigting is; en waar jy dalk sal wil eindig. Al leef ons in 'n land waarin werk nie altyd volop is nie. Of jy nou werk soek en onthou, met matriek alleen kom jy nie ver nie en of jy nou jou eie werk skep, jy moet daarmee kan saamleef en dit kan geniet.

God het mos aan jou sekere gawes en vermoëns gegee. Hy wil hê dat jy dit tot Sy eer en tot die opbou en verbetering van die samelewing moet gebruik. Hy wil ook hê dat jy Hom oor loopbaankeuses sal raadpleeg. Bid daaroor. Stel vas watter gawes die Here vir jou gegee het om mee te werk. Hy wil hê dat jy sinvolle werk sal doen en nie honger ly nie!

As jy gaan studeer, moet jy besluit in watter rigting en waar: by watter universiteit, technikon of ander naskoolse inrigting.

Of jy nou dadelik na skool gaan werk en of jy gaan studeer, jy sal ook moet besluit hoe jy jou geld gaan bestee. Maak nie saak of jy dit uit 'n salaris of ander vergoeding kry en of dit 'n beurs of sakgeld is nie.

Twee woorde sê hieroor omtrent alles: beplanning en dissipline. Veral as jy nie so baie het van daardie glibberige ding wat ons “geld” noem nie.

Hierdie twee woorde kan ons weer saamtrek in een woord: begroting.

Begroting

'n Begroting beteken dat jy vooruit beplan oor hoeveel jy het om uit te gee en waarop jy dit gaan uitgee. Sommige sal verkies om so 'n begroting baie presies op te stel en daarvolgens te werk. Ander sal dit rofweg doen en soos wat die maand of kwartaal of jaar waarop die begroting gebaseer is, verloop, onderling geld heen en weer skuif. Onthou net: beplan realisties (dink aan jou beskikbare fondse en wat jy regtig nodig het as die eerste stap van hierdie beplanning) en bly binne jou begroting (dissipline). Jou begroting kan min of meer die volgende items bevat.

1. Kerklike bydrae of dankoffer
2. Spaargeld (!?)
3. Verblyf /losies
4. Petrolgeld/vervoer
5. Toiletware
6. Klere
7. Telefoon
8. Tydskrifte/koerante
9. Ledegeld
10. Ontspanning.

Kerklike bydrae

Dit is belangrik dat jy heel eerste begroot vir 'n kerklike bydrae. Dit moet 'n vaste bedrag wees waarop jy nooit besnoei nie, al is jou nood hoe groot. As Christene glo ons dat alles aan God behoort. En jou dankoffer is 'n teken van jou dankbaarheid teenoor die Here vir die genade wat Hy aan jou bewys het; vir die genade wat Hy nog steeds elke dag aan jou bewys.

Onthou: God red ons uit genade deur ons tot geloof te oortuig. Hy kan sonder ons klaarkom en skuld ons niks nie, maar tog wil Hy nie. Ons is die dood skuldig. En tog begenadig Hy.

Wat meer is, Hy gee elke baie meer as dit waarvoor ons bid of vra.

Spaargeld

Dit is belangrik dat jy vroeg in jou lewe begin om 'n vaste bedrag te spaar. Spaar kan op meer as een manier aangepak word. Die volgende is voorbeelde daarvan.

- 'n Spaarrekening kan by enige handelsbank geopen word. Voorbeelde van sulke banke is Absa, Nedbank, Saambou, Eerste Nasionaal ens. Hierin kan jy gereeld 'n bedrag plaas. Dit is egter belangrik dat jy kyk na watter rentekoers gegee word. As jou saldo (bedrag op spaarrekening) laag is, sal jou rente ook min wees.

- As jy alreeds 'n paar rand het, kan jy dit in 'n spesiale spaarrekening sit. By so 'n rekening is dit gewoonlik 'n vereiste dat 'n sekere minimum bedrag te alle tye as saldo in die rekening bly. Die rentekoers is egter hoër as by 'n gewone spaarrekening.

- Sodra jy 'n redelike bedrag gespaar het, kan jy begin dink aan vaste deposito's. 'n Vaste deposito bestaan uit 'n vaste bedrag wat vir 'n bepaalde tyd lank belê word. Hierdie tye wissel. Dit kan byvoorbeeld vir 32 dae, 3 maande, 3 jaar of langer wees. Rentekoerse op vaste deposito's is heelwat hoër as die op spaarrekeninge.

- Nog 'n vorm van spaar is om maandeliks 'n vaste bedrag in 'n groeifonds, ook eenheidstrusts genoem, te belê. Hierdie beleggings is gewoonlik gekoppel aan die aandelebeurs en dra daarom 'n groter risiko. Hier het jy 'n keuse. Of jy belê in fondse waarvan die opbrengs, rente en dividende (die winste wat uitbetaal word aan aandeelhouers) nie baie hoog is nie, terwyl die waarde van die bedrag wat jy insit groei en jou so op die lang duur meer kapitaal (die bedrag wat belê is) gee. Of jy belê in 'n fonds wat meer inkomste gee maar minder in kapitaal groei.

- Jy kan ook vroeg in jou lewe al polisse uitneem. Daar is twee hoofsoorte polisse, naamlik 'n uitkeerpolis en 'n uittree-annuïteit. By 'n uitkeerpolis betaal jy elke maand 'n bedrag (premie genoem) en as die vasgestelde premietyd verby is, keer die polis vir jou geld uit. Die versekeringsmaatskappy by wie jy die polis het, belê jou geld en voeg jaarliks 'n deel van hulle wins by die polis. 'n Uittree-annuïteit is eintlik maar 'n soort pensioen wat jy reeds vroeg in jou lewe kan uitneem. Jy neem dit gewoonlik uit tot naby aan die tyd wat jy wil aftree. So 'n annuïteit kan byvoorbeeld 'n derde van die geld wat jy uitkry as 'n enkelbedrag aan jou uitkeer en die res in maandelikse bedrae agterna aan jou uitbetaal.

As jy 'n behoefte aan meer inligting oor spaar het, gaan bespreek dit met iemand wat 'n finansiële of 'n beleggingsadviseur is. Dalk het julle so 'n persoon in die familie of dalk is hy of sy 'n goeie vriend van jou ouers of so iets.

Verblyf/losies

Indien jy gaan studeer en koshuisverblyf het, is jy miskien bevoorreg dat jou ouers of jou beurs vir jou verblyf betaal. Indien jy nie in die koshuis bly nie, kan dit in 'n studentehuis of woonstel wees. Gewoonlik deel jy dan so-iets met jou vriende of selfs broers en susters. Pa en ma sal ook hier kan instaan.

Indien jou ouers of 'n beurs nie betaal nie of net gedeeltelik betaal, word daardie deel van jou verblyf waarvoor jy verantwoordelik is, deel van jou begroting. Die goue reël is in elke geval dat jy weet waarvoor jy jou inlaat as jy besluit om in 'n plek verblyf te neem en dat jy dit kan bekostig.

En onthou: 'n Christenjongmens se status lê nie in hoe luuks hy of sy bly nie, maar in sy kwaliteit van menswees. As 'n mens met Bybelse lewenswaardes gee jy status aan jou plek: al is dit eenvoudig met net die nodige. 'n Deftige plek kan nie vergoed vir die geestelike kwaliteite wat by iemand ontbreek nie.

Petrolgeld/vervoer

Hiervoor moet jy beslis voorsiening maak. Al het jy nie 'n petrolaangedrewe monster soos 'n motorfiets/motor/bakkie nie, moet jy nog gereed wees om bus- of trein- of petrolgeld te betaal. Pa en ma kan hier weer help, maar 'n petrolloopding vereis ook versekering, lisensiegeld en diensgeld. Daarvoor moet jy ook voorsiening maak. Beplan vroegtydig deur te begroot, en as jy so nou en dan op die ingewing van die oomblik wil handel, maak vooraf in jou begroting ruimte daarvoor.

Toiletware

Jong ouens en meisies se behoeftes verskil in die verband. Wees op en wakker as jy koop. Vergelyk pryse en soek die beste waarde vir die minste geld sonder om jouself af te skeep. Styl lê nie altyd in die duurste goed of om agter elke nuwe ding op die mark aan te hardloop nie.

Klere
Dieselfde kan van klere gesê word. Probeer so koop dat jy eietyds en in die mode is, maar dat die klere ook vir jou gemaklik is. Moenie ander probeer beïndruk ten koste van jouself of jou eie gemak nie. En kyk na kwaliteit. Julle weet mos wat ek bedoel.

Klere op rekening is gewoonlik duurder as wanneer jy kontant koop. Met kontant in die hand kan jy dalk beding vir 'n beter prys. Kyk ook mooi as jy op terme oor 'n paar maande of meer koop, met ander woorde, as jy die klere oor 'n paar maande afbetaal. Die transaksie moet ook jou sak pas en jy moet bereken wat dit jou op die ou end sal kos.

Telefoongeld
Jy moet beslis ook reg wees om op 'n telefoon te spandeer. Ons praat van openbare telefone of ander fone wat jy gebruik. Jou ouers en ander wat vir jou omgee, sal graag gereeld van jou wil hoor. As jy platsak is, is dit die laaste plek waar jy moet bespaar.

Tydskrifte/koerante
Dit is goed om jouself op die hoogte te hou met die nuus en ander interessante dinge wat rondom ons gebeur. Dit maak van jou iemand wat in baie situasies genoeg weet om 'n behoorlike opinie te vorm en uit te spreek. Verder help dit jou om 'n beter bydrae in jou omgewing te lewer en op te tree waar dit dalk nodig word. Byvoorbeeld: as jy nie 'n Afrikaanse koerant of tydskrif lees nie, sal jy ook nie weet van die stryd wat Afrikaans vandag in Suid-Afrika voer en waar jy daarmee kan help nie.

'n Koerant is 'n kosbare bron van inligting waarsonder ons nie regtig kan klaarkom nie. Al kyk ons televisie en al speel ons op die Internet. Die Afrikaanse pers weet waaroor ons nuus soek en stry ook saam met ons vir die Afrikaner aan die suidpunt van Afrika.

Tydskrifte dek gewoonlik sekere onderwerpe. Daar is algemene, sport-, nuus- en talle ander soorte tydskrifte. Begroot hiervoor. Dit is goed om jou verstand en kennis op hierdie manier lewendig en by te hou.

Ledegeld
Almal van ons wil graag aan baie dinge deelneem. Maar dit kos geld. Begroot vir jou jaarlikse ledegeld vir die Staatmakers of jou ledegeld vir die gimnasium.

Ontspanning en sakgeld
As jy nie bietjie beplan en dissiplineer nie, kan die papaja hier die hele sitplek bevuil. Alle soorte vermaak hoef nie groot geld te kos nie. Daarby, hou balans. Moenie elke aand op 'n ander plek probeer uithang nie. Jou lewe kan nuttiger deurgebring word as dit.

Ontspanning is natuurlik 'n noodsaaklikheid. En 'n gesonde sosiale lewe kan jou menswees verryk. Pasop net: daar is baie meer in 'n lewe wat die moeite werd is as net speel en kuier. Speel dus lekker en gesond as jy speel. Kuier gerus tot laatnag in die koshuiskamer, in die studentesitkamer of om die braaivleisvuur. Beplan gerus hoe julle die wêreld gaan oorneem en daarvan 'n beter plek gaan maak. Droom oor die dinge wat ons in Suider-Afrika kan, moet en sal doen. Maar, waar speel en kuier geld kos, begroot ook daarvoor.

'n Laaste wenk of twee. Pasop vir skuld en vir dinge wat skuld maak. En onthou, 'n rekening of kredietkaart wat jy nou gebruik moet môre betaal word. As jy nou buite jou begroting gaan, moet môre se begroting daarvoor voorsiening maak. Pasop vir leen: jy moet eenvoudig later terugbetaal. Lenings vir groot goed, teen lae rentekoerse en wat oor 'n aantal jaar strek, kan natuurlik goeie transaksies wees. Moet egter nie sommer val vir 'n groot transaksie voor jy nie kundigheid geraadpleeg het of dalk self aan die dag lê nie.

Eintlik is jou geld nie jóu geld nie. Alles op aarde, jyself ook, behoort aan die Here en is hier vir die Here (Ps 24). Om finansieel te beplan en jouself te dissiplineer, alles op 'n gebalanseerde manier, is om voor die Here verantwoordelik met jou geld Sy geld om te gaan. Jy moet jou geld ook tot Sy eer spandeer.